BESKERM ONS KINDERS

KINDERHANDEL EN -UITBUITING

Kinderhandel beteken dat kinders gekoop, verkoop of verruil word met die oog op wins. Dit beteken verder dat kinders van een plek na 'n ander verskuif word binne die land of oor die landsgrense heen.

Volgens die syfers van die Internasionale Organisasie vir Migrasie (IOM) is die jaarlikse omset van mensehandel $32 miljard, wat dit internasionaal die winsgewendste misdadige handelsaktiwiteit na dwelms en wapens maak. Dit is ook die vinnigste groeiende misdaadbedryf ter wêreld. 'n Deel van die omset bestaan uit 1,2 miljoen kinders wat jaarliks gekoop en verkoop word. Die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad beraam dat 79% van alle handel wêreldwyd se doel seksuele uitbuiting is, met kinders en vrouens as slagoffers.

WAAROM WORD DAAR MET KINDERS HANDEL GEDRYF?

- Kommersiële seksuele uitbuiting van kinders en kinderprostitusie. Daar is selfs iets soos kinder-seks-toerisme, oftewel “child sex tourism.” Mense reis na spesifieke plekke met die doel om 'n kind seksueel te misbruik
- Kinderpornografie
- Kinders word verkoop as huis-, plaas- of mynwerkers
- Kinders word gebruik om onwettige werk soos die vervoer van dwelms te verrig
- Vir die doeleindes van gereëlde huwelike
- Kinders word verkoop aan ouerlose egpare
- Enige ander vorme van uitbuiting

Afrika het die hoogste persentasie kinderarbeiders ter wêreld. Die sowat 80 miljoen kinderarbeiders op die vasteland is meestal tussen 5 en 14 jaar oud. Hierdie 'hedendaagse slawerny' word deur die winsgewendheid daarvan aangevuur. Die mensehandelbedryf groei konstant weens die hoë vraag, die beskikbaarheid van weerlose kinders en vrouens en die gebrek aan bewustheid oor die kwessie. Dit gaan gepaard met die afwesigheid van doeltreffende wette. Dit kry dus nie veel teenstand nie. Die mensehandelbedryf word verder gedryf deur armoede, lae opvoedingstandaarde en gebrekkige werkgeleenthede. Mense wat desperaat is om 'n werk te bekom glo enigiets wat hulle belowe word, en is dus weerloos.

DIE PROSES VAN KINDERHANDEL/”TRAFFICKING”

Daar is drie fases in die proses:

Werwing:

Dit is die fase waar die kinders oortuig word om hulle huis te verlaat. Daar is gevalle waar kinders teen hulle wil geneem word, maar in die algemeen word hulle bedrieg deur beloftes van 'n beter lewe. Indien laasgenoemde nie realiseer nie, word hulle dikwels gedreig of selfs afgepers dat hulle families leed aangedoen sal word.

Vervoer:

Dit is die fase wanneer die kind verskuif word. Dit behels in die algemeen 'n verskeidenheid van roetes, en die kind word gewoonlik versteek. Dokumentasie word gewoonlik deur die “ontvoerders” gehou sodat hulle beheer oor die kinders kan hê.

Bestemming:

Dit is die fase wanneer die kinders by hulle eindbestemming kom en waar die uitbuiting begin. Dit is gewoonlik eers teen hierdie tyd dat hulle besef wat gebeur het.

Dit is belangrik om te weet dat kinders tydens al drie fases mishandel en misbruik kan word, byvoorbeeld fisiese geweld, weerhouding van kos en water en selfs seksuele uitbuiting.

WAT SÊ DIE SUID-AFRIKAANSE WET OOR KINDERHANDEL?

Tans is daar nie 'n wet in SA wat kinderhandel as 'n kriminele oortreding omskryf nie. Mense wat handel dry, word tans vervolg agv mishandeling, ontvoering en seksuele uitbuiting. Die nuwe kinderwet maak voorsiening vir die beskerming van kinders wat slagoffers is van kinderhandel. Die wet het 1 April in werking getree. Volgens wet mag geen kind onder die ouderdom van vyftien gedwing word om te werk nie.

WATTER KINDERS IS GEWOONLIK SLAGOFFERS VAN KINDERHANDEL?

Alle kinders is potensiële slagoffers van kinderhandel, maar daar is groepe wat 'n groter risiko het:

- Gesinsprobleme soos gesinsgeweld, molestering, alkohol- en dwelmmisbruik
- Ekonomiese probleme (armoede, min geleentheid om inkomste te verdien, werkloosheid)
- Kinders sonder versorgers bv kinders wat wees gelaat is a.g.v VIGS en straatkinders

WAT IS DIE GEVOLGE?

Kinders ervaar ernstige fisiese en dikwels seksuele mishandeling. Dit het ernstige gesondheidsprobleme tot gevolg wat dikwels lei tot fisiese gestremdheid, siektes en in sommige gevalle selfs die dood. Dogters kan op 'n baie jong ouderdom swanger raak. Ernstige emosionele en sielkundige probleme word ervaar. Kinders wat in hierdie omstandighede leef, het dikwels nagmerries en leef in voortdurende vrees. Hulle wend hulle dikwels tot die misbruik van drank en dwelms as 'n oorlewingsmeganisme.

WAAK TEEN SEKSTOERISTE VAN DIE 2010 WÊRELDBEKER

"Terwyl 99 % van die aanhangers na SA toe kom om geldige redes, sal 1% die Wêreldbeker as 'n verskoning gebruik om veral straatkinders seksueel uit te buit." Volgens prof Susan Kreston, 'n Amerikaanse regsprofessor aan die Universiteit van die Vrystaat, bestaan 'n sterk moontlikheid dat pedofiele op die land gaan toesak en maklik tussen duisende sokkergeesdriftiges verskuil sal wees. Sulke groot sporttoernooie word deur goot hoeveelhede mans bygewoon, wat ver van die huis is en groot hoeveelhede alkohol inneem. Seks is iets wat hulle wil hê, dus is die verband tussen sulke geleenthede en mensehandel is ooglopend," sê Christine Hamman, Direkteur Maatskaplike Justisie, van die Heilsleër. Kinders is nie in die skool nie en baie ouers is steeds by die werk. Ouers moet hul kinders maan om ekstra versigtig te wees. Indien 'n vreemde persoon hulle werk aanbied wat met die sokker verband hou, moet hulle geensins so 'n aanbod aanvaar sonder om die ouers eers in te lig nie.

Volgens polisiewoordvoerder André Beetge verhoog handelsindikate hul pogings gedurende vakansies om hul hande op kinders te lê – seuns en dogters. Sindikate teiken graag kinders wat uit gebroke families kom, met beloftes van rykdom, werk en 'n beter toekoms. Dan word hulle verslaaf gemaak aan dwelms en as prostitute gebruik.

WAAROM VIND KINDERARBEID PLAAS?

- Ouers stuur hulle kinders strate toe om vir geld te gaan bedel
- Bendes gebruik kinders om te bedel of vir kleiner misdade soos diefstal en inbraak
- Goedkoop arbeid
- Kinders moet dikwels werk om die gesin se inkomste aan te vul weens armoede
- Kinders werk dikwels om in hulle eie behoeftes soos klere en dwelms te voorsien



WAARNA MOET OUERS/VERSORGERS OPLET?

- Bestee die kind buitengewone tyd weg van sy huis of skool af?
- Het die kind geld wat jy nie weet waar hy/sy dit kry nie?
- Kom die kind huis toe met geskenke en nuwe klere?
- Bestee die kind baie tyd telefonies in private gesprekke?
- Is daar 'n volwassene wat besonder baie aandag aan die kind gee of ontoepaslik met die kind probeer vriende maak?
- Bring die kind baie tyd in volwasse geselskap deur?

HOE KAN KINDERS HULSELF BESKERM?

- ’n Oop verhouding tussen ouer en kind is belangrik.
- Kinders moenie mense vertrou wat vir hulle 'n beter leefstyl, werk en luukshede beloof nie.
- Kinders moet nie swig onder groepsdruk nie.
- Kinders moenie dat enigiemand hulle dwing om dinge te doen wat hulle ongemaklik laat voel nie.
- Kinders moenie gratis ritte in taxi's of enige ander vorm van vervoer aanvaar nie.
- Kinders moenie uitgaan en laat uitbly sonder om hulle ouers op hoogte te hou van hulle doen en late nie.
- Kinders moet vriende en mense saam met wie hulle tyd deurbring versigtig kies.
- Kinders moet selfversekerd optree.
- Kinders moenie snags alleen in die veld, geïsoleerde areas of in donker areas loop nie.

HOE KAN DIE PROBLEEM AANGEPAK WORD?

- Ouers moet hul kinders attent maak op “reëls” van veiligheid. Hulle moet hul kinders inlig om mense te vermy wat hulle werkskontrakte, bv modelwerk, aanbied.
- Kinders moet ingelig en voorberei word sodat hulle weet wat die gevare is maar ook wat hulle regte is.
- Die gemeenskap moet besef kinderhandel is nie net 'n gerug nie, maar 'n werklikheid.
- Kinders moet te alle tye beskerm word en onder toesig van 'n verantwoordelike volwassene wees.
- Kinders se gedrag moet gemonitor word vir enige veranderinge.
- Kinders moet nie toegelaat word om sonder toesig openbare geriewe soos toilette in winkelsentrums te besoek nie.

WAT KAN JY DOEN OM TE HELP?

- Maak bekend dat kinder- en mensehandel asook ander vorme van uitbuiting 'n werklikheid is. Waarsku mense omtrent die gevare.
- Sluit aan by 'n organisasie wat teen handel en uitbuiting veg en neem deel aan bewusmakingsveldtogte.
- Praat! – as jy dink iemand is 'n slagoffer

AS JY 'N SLAGOFFER VAN HANDEL OF UITBUITING IS, KRY ASB HULP

Daar is baie mense en organisasies wat jou kan help. Om hulp te vra is die eerste stap wat jy moet doen om 'n bedenklike situasie te keer om selfs erger word.

WAT OM TE DOEN AS JOU KIND VERMIS WORD:

- Moenie 24 uur wag voordat jy dit aanmeld nie, aangesien die eerste ure belangrik is om leidrade op te volg.
- Neem 'n foto van jou kind sowel as inligting oor wat hy/sy aangehad het sowel as ander belangrike liggaamstekens of identifikasie.
- Sê ook waar en saam met wie die kind laas gesien is.
- Bel Vermiste kinders SA: Judy 072 6477464 of 021-8010010
- Vermiste Kinders SA benodig 'n saaknommer en foto van die kind so gou as moontlik.
- Bly in voeling met die SAPS en Vermiste kinders SA.
- Verkry bystand van die media.

KONTAKNOMMERS

Hulplyn Mensehandel: 073 674 3671
Internasionale Organisasie vir Migrasie. Tolvry: 0800 555 999.
Algemene navrae: info@ngwelsyn.co.za
ECPAT: www.ecpat.net

Inligtingstuk saamgestel deur
NG Welsyn Noordwes en Gauteng
Hoofkantoor: Potchefstroom
Mei 2010

Bronne:
Child Exploitation. 2010. Pamflet saamgestel deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.
Karan, N. 2009. World Cup hotbed for traffickers. www.sowetan.co.za.
Majavu, A. 2009. Beware of 2010 sex tourists. www.sowetan.co.za
Protect our children. Help stop child trafficking. 2010. Pamflet saamgestel deur Kindersorg SA.
Stander, Y & de Jager, S. 2010. Child trafficking expected to soar in final holiday before World Cup. The Herald Online.mht.
Watson, L.2010. Reuse-wins laat handel in mense vinnig groei. Beeld Sake24, 30 Maart 2010

FOTO’S TER ILLUSTRASIE